

I am suffering and in pain.
Rescue me, O God, by your
saving power.

Psalm 69:29

Dear Lord, Bring your
healing comfort and peace
to all those who are hurting
this day. Thank you.



RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by ilzedples@gmail.com.
Kontak nommer is 0721113100



JAARTEMA:
Saam met Jesus...

Maart 2019

Hoekom behoort jy aan die kerk?

Lieve Lidmaat

Die negende artikel van ons geloofsbelofte is: "Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk".

HOEKOM BEHOORT JY AAN DIE KERK? Hoekom is jy 'n lidmaat?

Op hierdie vraag gee ons geloofsbelofte, op grond van Gods Woord, 'n baie duidelike antwoord. **As ek saam met die kerk bely:** "Ek glo aan die heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges", **dan sê ek tegelykertyd wat lidmaatskap vir my beteken en hoekom ek aan die kerk behoort.**

Lidmaatskap van die kerk beteken : dat ek aan Jesus Christus behoort .

Dit gaan NIE maar net om lidmaatskap van die kerk nie .

Nee, my enigste troos is om te weet dat ek aan Jesus Christus behoort! Om te weet dat ek met liggaam en siel (m.a.w. volkome) in lewe en in sterwe (m.a.w. vir altyd) **nie meer aan myself behoort nie**, maar aan Jesus Christus behoort. Die troos moet die allesoortreffende sekerheid van my lewe wees. Dit moet my vrede in die gemoed gee. **Ek moet my ganse lewe daarop bou.**

Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om



Die kerk bestaan uit mense wat kragtens God se verkiesende liefde en genade losgekoop is uit hulle sondige aardse bestaan. Trouens, dit is wat die woord kerk o.a. ook beteken, nl. “die Here s’n” of “hulle wat aan die Here behoort” .

As jy kerk sê, dan praat jy van God se eiendom, God se kinders, sy volk, en as jy sê: “Ek behoort aan die kerk”, dan sê jy daarmee ook dat **“jy deel is van die vergadering, gemeenskap of huisgesin wat aan die Here behoort”**.

NB, broer en suster: die belangrikste betekenis van kerklidmaatskap is dus nie in die eerste plek of jy aan die kerk behoort nie , maar of jy aan Jesus Christus behoort!

Kom ons vra vir mekaar: **“BEHOORT JY AAN JESUS CHRISTUS?”**.

(oorspronklike dokument op <http://www.steedshervormers.co.za/dagstukkies/hoekom-behoort-jy-aan-die-kerk/> is effens aangepas)

Ds Leon TaiT



besluit, staan vas.

Gehoorsaamheid

Heb. 5:8:11 Hoewel Hy die Seun was, het Hy deur alles wat Hy gely het, geleer wat gehoorsaamheid is. En toe Hy volmaaktheid bereik het, het Hy vir almal wat aan Hom gehoorsaam is, die bron van ewige saligheid geword ...

Blydskap

Neh. 8:11 Nehemia het verder gesê: “Gaan vier fees, eet en drink, en deel uit aan die wat niks voorberei het nie. Hierdie dag word gewy aan ons Here. Moenie bedroef wees nie, as julle die Here met blydskap dien, sal Hy julle berskerm.”

Beskerming



Ef. 6:13 Trek daarom die wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan.

God se wapenrusting word versterk deur jou verhouding met God. Jou ongebroke en groeiende verhouding waarborg dat jy konstant en volkome geklee is in God se wapenrusting.

Bron: Elaine Small, MLC Ministries, New Life, Discover your God-given purpose.



GOD SE PLAN / MANDAAT VIR DIE WÊRELD AND VIR ONS

God is liefde en Sy doel is liefde (**Mark. 12:28-31**)

³⁰ ‘Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag.’

Dit is die eerste en hoof gebod.

³¹ Die tweede is: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.’ Geen ander gebod is groter and dié twee nie.”

As Sy kinders moet ons ander liefhê (**1 Tim. 1:5**)

- Liefde vir God
- Liefde vir onsself
- Liefde vir ander



1 Johan. 4:12 Niemand het God nog ooit gesien nie, maar as ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons sy doel volkome bereik.

God se liefde vloei deur die liggaam van Christus (die kerk) na die wêreld toe. Elke gelowige het 'n spesifieke plek en funksie in die liggaam. Elke gelowige het 'n individuele roeping en doel binne die kerk.

OPOFFERING VIR JOU ROEPING

God wil hê ons moet gehoorsaam wees en ons onderwerp aan Sy geregtigheid (**Rom. 10:3**)

Vereiste: God verwag gehoorsaamheid as deel van die vervulling van ons roeping.

Onderdanigheid

Spreuke 16:9 ‘n Mens beplan sy pad, maar die Here bepaal hoe hy loop.

Spreuke 19:21 Al maak mense hoeveel planne, wat die Here

- - - - DATUMS VAN BELANG - - - -

- ♦ **2 Maart:** Moot Care Karwas en Mark
- ♦ **9 Maart:** Kerkbasaar
- ♦ **10 Maart:** Dr Johan Smit om 9:00
- ♦ **15 Maart:** Skole Sluit
- ♦ **2 April:** Skole Open
- ♦ **6 April:** Moot Care Karwas en Mark
- ♦ **7 April:** Belydenisaflegging om 9:00
- ♦ **19 April:** Goeie Vrydag, Nagmaaldiens om 9:00
- ♦ **22 April:** Gesinsdag

Sien jou daar!

Geséend is die wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.

-Matteus 5:3



BOOMSLOPINGS & SNOEI
GRATIS KWOTASIE
VERSEKERING
KONTAK ERNST by 083 656 4992
www.treecarepta.co.za

LIDMAAT-BEDIENING

Baie geluk en welkom aan die nuwe belydende-lidmate -
3 Februarie 2019




Achter: Johan, Elmarie en Lente Stoltz, Erika Cox, Wilna Cronje, ds Leon Tait
Voor: Hantie van den Berg, Jennifer en Nigel Cross, ds Leon van Heerden

Skakel gerus vir:

- Volledige gehoortoetsing vir alle ouderdomme.
- Verskaffing van gehoorapparate, opleiding en nasorg.
- Verskaffing van swemproppe en gehoorbeskermers.
- Hantering van tinnitus (suising).

Rietfontein & Les Marais Praktyke
012 331 4469

NG GEMEENTE RIETFONTEIN-SUID BIED AAN



Kerkbasaar

Saterdag 9 Maart

Tradisionele kerkbasaar (soos in die goeie ou dae). Kom geniet!

Vrydagaand, 8 Maart - Fliek-aand 19:00

18:00 tot 19:00. Boereworsrolle,
koeldrank, springmielies – te koop.



Saterdag, 9 Maart – Basaar – vanaf 8:00

Ou gunstelinge: Pannekoek, teetuin, koek,
lekkergoed, basaarpoeding, worsrolle, chipstix,
en nog vele meer.

Verskeidenheid speletjies vir oud en jonk, tombola, mieliegooi en
Grilgrot.



Bied asb. jou hulp / hande, ens. vooraf aan.

Bydraes ook benodig: Koek, poeding.

En geldelike donasies vooraf vir ander basaar-
bestanddele. Plaas in koevert, merk, gooi in kollekte.

Kontak Herman: 082 461-1152

Maar belangrikste van alles:

Kom en geniet saam !!! 'n Heerlike geesbou-basaar.

Die Jeug bied aan Die GrilGrot

**Be afraid,
be very afraid!!!**

**BY KERKBASAAR
op 9 MAART 2019**

